

Logos Gemeente van Christus

En vergeef ons ons oortredings soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree

Mat 6:9-15, 1 Joh 2:28-3:10

26 April 2020

Vandag staan ons stil by die vyfde bede van die Onse Vader wat Jesus sy dissipels geleer het tydens die bergpredikasie, en ook toe hulle spesifiek gevra het dat Hy hulle moet leer bid. Ons het reeds na die eerste vier bedes gekyk:

- In die eerste 3 bedes het ons gesien dat ons telkens die Vader vra dat Hy sal toesien dat Sy plan uitgevoer word. Die plan behels dat Sy Naam geheilig sal word deurdat Sy koninkryk wat nou alreeds gevestig is, vol sal word, en die koninkryk van die Satan in die poel van vuur gewerp sal word. Binne hierdie koninkryk moet die burgers, d.w.s. die gelowiges, God se wil uitvoer.
- Laasweek het ons na die vierde bede gekyk: Gee ons vandag ons daaglikse brood. Ons het gesien dat ons fisiese behoeftes het om die verantwoordelikhede wat ons volgens die eerste drie bedes het, te kan uitvoer. In hierdie bede bid ons dat die Vader dit aan ons sal gee. Maar dit gaan ook verder deurdat brood sekere realiteite het: dit is nie 'n reg nie, is menslik gesproke onbekombaar, is menslik gesproke gevaarlik, en genadiglik is brood 'n Goddelike middel wat God gebruik om Sy doel te bereik. Daardeur wil Hy ons dinge leer soos: nederigheid, dat ons volkome van Hom afhanklik is, en nog meer belangrik: Hy wil ons leer dat ons afhanklik is van elke woord uit Sy mond. Hy bestuur die beskikbaarheid of gebrek aan brood met hierdie doel.

Vandag kom ons nou by die vyfde bede: En vergeef ons ons oortredings soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree. Hierdie bede is 'n bede waarvan ons almal bewus is dat ons dit behoort te bid. Maar ek wil direk byvoeg, en miskien praat ek eerstens namens myself, ek dink nie die bede is altyd so prominent in ons gebede soos wat dit behoort te wees nie. Ja, as ek bewus word ek het iewers regtig 'n groot misstap begaan, dan bid ek hierdie gebed met baie erns – en ook met baie verwagting en waardering dat ek mag vra vir vergiffenis. Die vraag is egter: Spandeer ons genoeg tyd en moeite om hierdie gebed met integriteit te bid? Of is dit genoeg om net my gebed af te sluit met 'n vae stelling: Vergeef ons ons sonde, om Christus wil, Amen?

Ek wil hierdie bede oordink onder die volgende hoofpunte:

- Wat leer die Bybel oor sonde in die lewe van 'n gelowige?
- Hoe pas die vyfde bede in by die res van die Onse Vader?
- Hoe bid ek die vyfde bede prakties?

Wat leer die Bybel oor sonde in die lewe van 'n gelowige?

Ek wil dit oordink aan die hand van wat ons in 1 Joh 2:28-3:10 leer, saam met enkele ander gedeeltes in die Skrif:

- Vers 28-29: Let op, die "Hy" waarna hierdie verse verwys is Jesus Christus, en die geadresseerdes word aangespreek as "lieuwe kinders". Soos die opskrif in die NAV aandui, is hierdie gedeelte gerig op die kinders van God. In 3:2 word hulle aangespreek as "geliefdes" en in 3:7 weer as "lieuwe kinders". Die punt in hierdie verse is dat die kinders van God in Jesus moet bly – kyk na die NIV: "continue in Him" – hulle moet dus voortdurend in Jesus

bly. Onthou jy wat ons in Joh 15 geleer het uit die gesprek rondom die wingerdstok en die lote? Die gelowige moet in Jesus bly, en Jesus in hom/haar – dan sal die gelowige baie vrug kan dra, en die Vader verheerlik word. Hier in vers 27 sê Jesus daar is ‘n doel hiermee: sodat ons die wederkoms tegemoet kan gaan sonder vrees en sonder om skaam te kry. Onthou nou – die wederkoms gaan saam met die oordeelsdag, waar Jesus as Regter oor ons dade gaan oordeel. En dis die aangrypende van hierdie verse: ons kan die oordeel sonder vrees en skaamte, dus met vrymoedigheid, tegemoet gaan as ons in Jesus bly! Hoe lyk die lewe van iemand wat dit mag doen volgens vers 29: So ‘n persoon lewe regverdig, soos wat Jesus regverdig is – dis hoekom hy in Jesus moet bly, sodat hy soos Jesus kan wees.

- Vers 2-3: Vers 2 maak baie stellings waarvoor ons kan praat. Ek wil net 2 uitlig vir ons gesprek nou: Ons is nou reeds kinders van God, en, wat die toekoms aanbetref weet ons nie al die detail nie, maar ons weet ons gaan soos Jesus wees. Wat is die implikasie vir die hier en nou? Dit impliseer ons moet onself rein hou, soos Jesus rein is – sodat ons dan soos Hy kan wees. Opsommend: ons moet regverdig en rein wees soos Jesus regverdig en rein is – dan kan ons die wederkoms sonder vrees en skaamte tegemoet gaan.
- In die res van die gedeelte wat ons gelees het, word baie klem geplaas op sonde. Voordat ons daarna kyk, moet ons eers onthou wat in 1 Joh 1:8 staan: Johannes maak die stelling dat as ons beweer dat ons nie sonde het nie, dan bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie. Let mooi op: Selfs al sou jy net die stelling maak dat jy nie sonde het nie, net daardie stelling, bewys reeds dat jy sonde het. Selfs kinders van God doen sonde! Dit is ‘n tragiese maar harde realiteit.
- Verse 4-7: Maar nou is daar ‘n groot probleem. Vers 4 maak die stelling dat elkeen wat sonde doen, die wet van God oortree. Trouens, vers 4 gee ‘n definisie van wat sonde is: sonde is oortreding van die wet. Onthou nou wat ons ‘n paar weke terug gesê het toe ons oor die derde bede, Laat U wil geskied, gepraat het. Ons het gesê God se wet is ‘n beskrywing van God se wil. Maar dis selfs meer as dit – dit is ‘n beskrywing van God self, van Sy karakter. As ons nou sonde doen, en dus by implikasie die wet oortree, beteken dit ons lyk nie soos God, en dus soos Jesus nie. En onthou wat ons uit die verse hierbo gesien het: as ons die wederkoms sonder vrees en skaamte tegemoet wil gaan, moet ons regverdig en rein wees soos Jesus. Maar ons is nie!

Om die spyker nog ‘n bietjie dieper in te kap, maak vers 5 dit duidelik dat Jesus nie gesondig het nie, en dus doodeenvoudig nie skuldig is aan oortreding van God se wet nie. Trouens, Jesus het juis gekom om sondes weg te neem, deur die plaasvervangende offer daarvoor te wees.

En vers 6 spel dan die logiese implikasie hiervan uit: Iemand wat in Jesus bly, hou nie aan met sondig nie (NAV, NIV, ESV is ‘n meer duidelike vertaling as die OAV). Die tweede deel van die vers draai die argument selfs om: As iemand aanhou met sondig, is die implikasie doodeenvoudig dat die persoon nooit werklik in Jesus was en Hom ken nie. Wat beteken dit om aan te hou met sondig? Wel, daar is baie argumente oor die interpretasie van hierdie paar verse in 1 Joh 4-9 – Tyndale se kommentaar beskryf in totaal sewe maniere waarop dit al geïnterpreteer is. Ek gaan nie op die detail daarvan in nie. Ek glo die uitdrukking “hou nie aan met sondig nie” is duidelik: Iemand wat in Jesus is, en dus ‘n gelowige is, kan doodeenvoudig net nie vrede maak as daar sonde in sy lewe is nie. Dit beteken nie daar is nie sonde nie, maar ‘n gelowige spreek dit aan, hy identifiseer die probleem, hy maak ernstig werk daarvan om dit te stop. Hoekom is dit vir hom so erg? Want dit is oortreding van God se wet, en Jesus oortree nooit God se wet nie – en die gelowige wil daarom ook nie God se wet oortree nie! Nee, hy wil rein wees en regverdig wees, soos Jesus rein en regverdig is!

- Vers 8-9: Daar is 'n tweede rede hoekom 'n voortgaande lewe in sonde ondenkbaar is vir 'n gelowige wat in Jesus is. Dit is die wesensverskil tussen Jesus en die duivel: die duivel doen van die begin af sonde, en hy gaan doodeenvoudig voort daarmee deur die loop van die eeue. Daarteenoor, is sonde iets wat Jesus nog nooit gedoen het nie, en ook nooit sal doen nie. Trouens, Jesus het juis gekom om die duivel te oorwin. Daar is 'n reuse verskil tussen die aard/natuur van Jesus en die duivel.

Vers 9 spel die implikasie hiervan uit. Nou, weereens moet ons eers uitwys wat 'n verantwoordelike vertaling van hierdie vers sê: Die ESV vertaal dit soos volg: "No-one born of God makes a practice of sinning, for God's seed abides in him, and he cannot keep on sinning because he has been born of God". Daar is basies twee groot verskille met die NAV:

- Die NAV praat van die kind van God "doen nie meer sonde nie" en "kan nie meer sondig nie". Dit skep die indruk dat kinders van God sondeloos is, wat direk in stryd sal wees met wat 1 Joh 1:8 geleer het. Nee, wat ons moet raaksien is dat die kind van God nie van sonde 'n gewoonte maak nie, hy maak nooit vrede daarmee nie, en definitief volhard hy nie daarin nie.
- Die NAV praat ook van die Heilige Gees wat in die kind van God bly, terwyl die meer direkte vertalings eerder praat van God se saad wat in hulle bly. Lees ook vers 24, en dit word duidelik dat die betekenis nie noodwendig van mekaar verskil nie, maar die NAV het iets van 'n interpretasie gemaak. Die punt is egter dit: Die kind van God kan nie maar net in sonde bly nie – want soos ons in Joh 14-17 gesien het: hy is in Jesus, en Jesus is in hom, die Heilige Gees is in hom, hy is een saam met al die ander gelowiges en deel in die heerlijkheid van die Drie-Eenheid. Tereg is God se saad in hom – dis tog wat met die wedergeboorte gebeur as sy kliphart uitgehaal word en vervang word met 'n vleishart waarop die wil/wet van God geskryf is sodat hy nou wil doen wat God wil. As dit alles waar is, is dit ondenkbaar dat 'n gelowige onnadenkend en roekeloos in sonde sal bly – dis teen sy nuwe natuur.
- Verstaan jy Johannes se argument in hierdie paar verse: Ons is op pad na die wederkoms, en dus die oordeelsdag. Om hierdie dag sonder vrees en skaamte tegemoet te gaan, beteken dit doodeenvoudig dat ek regverdig en rein moet wees. Dit beteken dit is totaal ondenkbaar dat ek onnadenkend en roekeloos sondes in my lewe sal koester of selfs net toelaat. Nee, ek skuil mos in Jesus, en:
 - Jesus het nooit die wet oortree nie. Trouens Hy het juis gekom om vir oortreding van die wet versoening te doen. Hoe sou ek nou vrede kon maak daarmee?
 - Anders as Jesus, is die duivel die een wat juis aanhou om die wet te oortree. Maar Jesus het juis gekom om die duivel te oorwin. Hoe sou ek nou vrede kon maak daarmee om praktyke te beoefen wat tipies aan die gedrag van die duivel is?

Maar nou is daar steeds 'n probleem. Ja, sekerlik mag ek as 'n kind van God nie vrede maak met sonde in my lewe nie. Ja, ek verstaan hoe ernstig dit is – dit druis in teen Jesus se voorbeeld, dit druis in teen Jesus (en God) se natuur, dit maak Jesus se offer goedkoop, en dit demonstreer 'n alliansie met die duivel. Maar die tragiese realiteit is dat ek reeds gesondig het, en ongelukkig weer sal sondig. Wat nou?

Lees 1 Joh 1:9-2:2. Jesus Christus, die Regverdige, is die versoening vir ons sondes en ook ons Voorspraak by die Vader, m.a.w. die Een wat die Vader daaraan herinner dat Hy vir Sy kinders se sondes versoening gedoen het. Maar Jesus het dit alreeds 2000 jaar terug gedoen – nie net vir my sondes nie, maar ook vir die sondes van die hele wêreld. Ons weet dat nie almal se sondes vergewe

word nie. Wie s'n word wel vergewe? Vers 9: "Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van all ongeregtigheid". Kan jy sien waar die vyfde bede in die Onse Vader vandaan kom?

Wat beteken dit om ons sondes te bely? Kan ek jou verwys na die gelykenis wat Jesus vertel in Mat 18:21-35. Petrus vra Jesus: Hoeveel keer moet ek my broer vergewe. Jesus se antwoord is 70 x 7 keer. Dan vertel Hy die gelykenis van die koning wat sy boeke nagaan en agterkom een van sy amptenare skuld hom miljoene rand, wat hy nie kon betaal nie. As die koning hom en sy gesin en besittings wil laat verkoop, pleit die amptenaar by die koning, en die koning skryf sy skuld af. Die amptenaar tree egter op sy beurt nie op dieselfde manier op teen 'n medeamptenaar wat hom maar net 'n paar rand skuld nie. As die koning hiervan hoor, trek hy die afskryf van sy skuld terug. En vers 35 sluit af met: "So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie".

Sien jy die skokkende gebeure? Die amptenaar se skuld was afgeskryf, maar dit kom weer terug. Hoekom? Die amptenaar het tog sy skuld erken en bely? Ja, maar sy latere gedrag het bewys dat dit oppervlakkige belydenis was. Daar was nie werklike berou nie. As daar berou was, sou hy nie so teen sy medeamptenaar opgetree het nie. Dieselfde geld vir ons sondebelydenis. Dit sluit sekerlik erkenning van my sonde in. Maar dit moet meer as dit wees: daar moet werklike berou oor wees. En die berou behoort uit jou verdere lewe bewysbaar te wees. Dis hoekom die vyfde bede ook insluit "soos ons die vergewe wat teen ons oortree". Ja, ons kan ons verlustig in 1 Joh 8:9. Of in Psalm 103:12 "Sover as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons" – maar dan moet ek werklik opreg bely en berou en bekering toon.

My sonde is 'n ernstige aantasting van God se karakter. Dit het 'n ontsaglike hoë prys geverg om versoening te bewerk. Ek kan nie maar dink dat ek in die versoening kan deel deur net ligsinnig elke nou en dan 'n ritueel af te rammel nie. Nee, ek sal ernstig moet besin oor waar ek oortree het, hoekom ek berouvol is daarvoor en hoe ek daarteen gaan stry om dit nie weer te begaan nie. Ek kan nie maar net onnadenkend aangaan nie.

Hoe pas die vyfde bede in by die res van die Onse Vader?

Ek vertrou die verband tussen die eerste drie bedes is teen hierdie tyd duidelik. Laasweek het ons gesien dat God brood gebruik om my te laat groei om Sy wil te doen (i.e. die derde bede). Dit is deur die brood dat God my leer: ek is van Hom afhanklik vir my fisiese versorging, ek moet nederig wees, waar my hart se vertrouwe lê, en natuurlik hoe nodig ek dit het om van die ware brood te eet, dit is van elke woord wat uit God se mond kom. Die feit van die saak is, uit my voortdurende strewe om God se wil te doen (bede 3) en uit God se bemoeienis met my deur die brood (bede 4), gaan ek definitief bewus word van my tekortkominge. En wat doen ek dan? Ek bid die vyfde bede: Vader vergeef my my oortredinge.

Pink maak ook 'n soortgelyke konneksie as hy uitwys dat die vyfde bede juis begin met die woordjie "en". Die bede het 'n konneksie met die vierde bede. Hy maak opmerkings soos die volgende:

- God se hantering van brood leer ons ons sondes – nou moet ek bid vir brood en sondevergifenis
- As ek elke dag vir brood bid, gaan ek ook elke dag vir sondevergifenis moet bid
- Brood spreek my fisiese behoefte aan, maar sondevergifenis spreek my geestelike behoefte aan waarsonder ek nie aan God se verwagtinge kan voldoen nie
- Sonde maak dat ons nie brood verdien nie. Maar, God gebruik brood om ons sonde te leer. Trouens, sonder sondevergifenis het brood hoogstens nut vir hierdie lewe.

Hoe bid ek die vyfde bedes prakties?

Hoe bid ek nou hierdie bedes in gees en in waarheid? Eerstens is daar natuurlik 'n klomp waarhede wat ek moet weet, soos:

- Sonde is oortreding van God se wet, en dus so anders as die manier waarop Jesus geleef het. Trouens Hy het versoening kom doen vir die sondes van die wat in Hom glo.
- Sonde is tipies aan die natuur van die Satan, en definitief nie tipies aan die natuur van Jesus nie. Trouens, Hy het die Satan oorwin.
- As ons die wederkoms vreesloos en skaamteloos tegemoet wil gaan, moet ons soos Jesus wees. Dit beteken ons sondeskuld sal aangespreek moet wees – en dit is alleen moontlik as ons in Jesus is, en ook eerlik ons sondes voor God bely.

Maar ek sal moet verder gaan as dit. Ek sal doelbewus my lewe moet gaan ondersoek en dit gaan meet aan God se wet. Kyk maar byvoorbeeld na 1 Joh 3:15-17 as 'n voorbeeld:

- Die eerste vraag is: haat jy jou broer? En nou moet jy dink aan al jou broers. Is daar enigeen teenoor wie jy 'n wrok koester?
- Die volgende vraag is: Lê jy jou lewe vir jou broer af? Weereens, kan jy uit jou lewe aantoon dat jy opofferings maak vir jou broers. En onthou die standaard is Jesus wat sy lewe vir ons afgelê het. Dit is meer as net hier en daar bietjie help.
- Daar is nog 'n vraag: Hoe voel jy teenoor jou broer as jy besittings het en jy sien dat hy gebrek ly? Let op, dit is meer as net help jy hom in sy gebrek. Dit sekerlik ook. Maar hoe voel jy daarvoor?

Hierdie is maar een toepassing van God se wil. Daar is baie meer. Heelwaarskynlik gaan ons op hierdie manier uitvind dat daar sondige gebreke in ons lewens is. Dan moet ons dit bely, wat beteken ek moet dit voor God erken, maar meer as dit: daar moet in my werklike berou daarvoor wees, en 'n ernstige voorneme om nie langer in hierdie optrede te volhard nie. Hier is baie werk en erns nodig.

Boonop sal dit goed wees om te gaan besin of jy uit jou lewe kan aantoon dat jy ander wat al teen jou oortree het en dit bely het, al vergewe het. Selfs 70 maal 7 keer? En onthou, vergewe beteken so ver as die ooste verwyder is van die weste. Indien nie, het jy nog meer rede om dringend die vyfde bedes te bid, saam met die derde bedes – dat die Heilige Gees tog in jou sal werk om God se wil te doen.

Hierdie bedes is alles behalwe 'n geykte uitdrukking wat ek gebruik om my gebed mee af te sluit. Dit is 'n gebed wat worstelend en smekend gebid word – diep bewus hoe groot my nood is, hoe groot die prys vir die versoening van my sondes was, hoe heilig God is – en wetende dat ek met die wederkoms voor Hom gaan verskyn.

Maar, as ek met integriteit my sonde voor Hom bely het, kan ek daardie dag sonder vrees en skaamte tegemoet gaan, skoon gewas in die bloed van Jesus.